

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.



OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Monday, 15th March, 1965.

WINDHOEK

Maandag, 15 Maart, 1965.

No. 2611

CONTENTS

PROCLAMATION:—

No. 18. Township of Tamariskia: Establishment of . . .

GOVERNMENT NOTICES:

No. 33. Magistrates Courts: Amendment of Rules of Court

No. 36. Regulations in Connection with the Payment of Stamp Duty upon Cheques

No. 37. Contributions towards the Cost of Jackalproof Fencing: District Gibeon (Nossob Area)

No. 38. Price Control: Maximum Prices of Lucerne and Lucernemeal

No. 39. Immunisation against Poliomyelites: Regulations

No. 40. Price Control: Maximum Prices of Fertilizers

No. 41. Fisheries Officers: Appointment as

No. 42. Township Okahandja (Extension No. 2): Amendment of Conditions of Establishment

No. 43. Contributions towards the Cost of Jackalproof Fencing: Amendment of Boundaries of the Tweerivier Area (Gibeon District)

No. 44. Municipality Windhoek: Staff Regulations: Non-white Employees

No. R. 167. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from attending Gatherings

No. R. 168. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Name removed from List published in Government Notice R. 1907 of 1962

No. R. 171. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Name removed from List published in Government Notice R. 1907 of 1962

No. 180. (Republic) Amendment to the Regulations for the Permanent Force

No. R. 217. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Correction Notice in Terms of Section *Ten ter*

No. R. 218. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Name removed from List published in Government Notice R. 1907 of 1962

No. R. 219. (Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons prohibited from attending Gatherings

No. R. 250. (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1. (No. 1/3)

No. R. 295. (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Commencement of Amendment to the "Explanatory Notes to the Brussels Nomenclature" (E.N. 2)

GENERAL NOTICES:

No. 13. Companies Registered etc., during February, 1965.

No. 305. (Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark

ADVERTISEMENTS:

Estate Notices, etc., etc.

INHOUD

Page/Bladsy

PROKLAMASIE:—

Dorp Tamariskia: Stigting van 246

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

Landdroshowe: Wysiging van die Reëls van die Hof 251

Regulasies met Betrekking tot die Betaling van die Seëlreg op Tjeks 257

Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Distrik Gibeon (Kring Nossob) 258

Prysbeheer: Maksimum Pryse van Lusern en Lusernmeel 258

Immunisering teen Poliomiëlitis: Regulasies 260

Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis 263

Visserye-Beamptes: Aanstelling as 263

Dorp Okahandja (Uitbreiding No. 2): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes 264

Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Wysiging van die Grense van die Tweerivierkring (Distrik Gibeon) 264

Munisipaliteit Windhoek: Personeelregulasies: Nie-blanke Werknemers 264

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te woon 267

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon se Naam geskrap van Lys wat by Goewermenskennisgewing R. 1907 van 1962 afgekondig is 267

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon se Naam geskrap van Lys wat by Goewermenskennisgewing R. 1907 van 1962 afgekondig is 267

(Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag 267

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Verbeteringskennisgewing ingevolge Artikel *Tien ter* 268

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon se Naam geskrap van Lys wat by Goewermenskennisgewing R. 1907 van 1962 afgekondig is 268

(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te woon 268

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/3) 269

(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Inwerking-treding van Wysiging van die „Explanatory Notes to the Brussels Nomenclature" (E.N. 2) 269

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

Maatskappye Geregistreer gedurende Februarie, 1965 269

(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk 271

ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens. 271

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 18 of 1965.]

WHEREAS notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section *fifteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928) have been complied with;

NOW THEREFORE, in terms of section *sixteen* of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the township of Tamariskia as represented on General Plan A. 21/1964, is an approved township and further that the application for the establishment of the said township has been granted subject to the conditions imposed in terms of section *nine* of the said Ordinance, set out in the schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 25th day of February, 1965.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator.

SCHEDULE.**CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.****1. NAME OF TOWNSHIP:**

The name of the township shall be TAMARISKIA.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP:

The township shall comprise erven, streets and open spaces as indicated on General Plan A. 21/1964.

3. RESERVED LAND:

The following erven shall be reserved and be used only for the purposes as stated below: Provided that if the Administrator, after consultation with the Townships Board, deems it expedient to use the land for other purposes, he may authorise the suspension or relaxation of this restriction, subject to such conditions as he may impose:—

For the Administration —

- (a) Erf 23: For a school and purposes incidental thereto.
- (b) Erf 94: For a clinic and purposes incidental thereto.
- (c) Erf 90: For a post office.
- (d) Erf 84: For a police station.

For the Local Authority —

- (e) Erven 129 and 130: For open spaces.
- (f) Erf 47: For a sports field and purposes incidental thereto.
- (g) Erf 89: For Local Authority purposes.
- (h) Erf 91: For a community centre.

4. RESTRICTION ON REGISTRATION OF CERTAIN ERVEN:

Erven 1-4, 19-22, 48-81, 84, 85, 89 and 90 shall not be registered without the prior written consent of the Administrator, or until a certificate, signed by the Administrator, has been lodged with the Registrar of Deeds, to the effect that the Main Road to the west of the above erven has been deviated to the satisfaction of the Chief Roads Engineer.

5. CONDITIONS OF TITLE:

The following conditions of title shall be registered in favour of the Local Authority, provided that such conditions shall not be amended without the consent of the Administrator:—

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 18 van 1965.]

NADEMAAL daar behoorlike kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalinge van artikel *vyftien* van die Dorpe-ordonnansie, 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) nagekom is;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel *sestien* van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat die dorp Tamariskia soos aangewys op Algemene Plan A. 21/1964, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die aansoek om die stigting van genoemde dorp goedgekeur is onderhewig aan die voorwaardes wat kragtens artikel *nege* van genoemde Ordonnansie opgelê is, uiteengesit in die bylae hiervan.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 25ste dag van Februarie 1965.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

BYLAE.**STIGTINGSVOORWAARDES.****1. NAAM VAN DORP:**

Die dorp heet TAMARISKIA.

2. SAMESTELLING VAN DORP:

Die dorp bestaan uit erwe, strate en oop ruimtes soos aangedui op Algemene Plan A. 21/1964.

3. GERESERVEERDE GROND:

Die volgende erwe moet gereserveer en gebruik word vir die ondergenoemde doeleindes: Met dien verstande dat, indien die Administrateur, na oorleg met die Dorperaad, dit wenslik ag om die grond vir ander doeleindes te gebruik, hy die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig onderhewig aan die voorwaardes wat hy stel:—

Vir die Administrasie:—

- (a) Erf 23: Vir 'n skool en aanverwante doeleindes.
- (b) Erf 94: Vir 'n kliniek en aanverwante doeleindes.
- (c) Erf 90: Vir 'n poskantoor.
- (d) Erf 84: Vir 'n polisiekantoor.

Vir die Plaaslike Bestuur:—

- (e) Erwe 129 en 130: Vir oop ruimtes.
- (f) Erf 47: Vir 'n sportveld en aanverwante doeleindes.
- (g) Erf 89: Vir doeleindes van die plaaslike bestuur.
- (h) Erf 91: Vir 'n gemeenskapsentrum.

4. BEPERKING OP REGISTRASIE VAN SEKERE ERWE:

Erwe 1-4, 19-22, 48-81, 84, 85, 89 en 90 mag nie geregistreer word nie sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Administrateur, of voordat 'n sertifikaat, geteken deur die Administrateur, by die Registrateur van Aktes ingedien is, ten effekte dat die hoofpad wes van die bogemelde erwe ten genoë van die Hoof Paaie-ingenieur verlê is.

5. VOORWAARDES VAN EIENDOMSREG:

Die onderstaande voorwaardes van eiendomsreg moet geregistreer word ten gunste van die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie sonder die toestemming van die Administrateur gewysig mag word nie.

(a) *Applicable to all erven:*

- (1) The owner of the erf shall be obliged to receive without compensation such material or permit such excavation on the erf as may be required to allow full use of the full width of the adjoining street and to provide a safe and proper slope to its bank owing to the difference between the level of the streets as finally constructed and the erf, unless he elects to build retaining walls to the satisfaction of, and within the period fixed by, the Local Authority.
- (2) The owner of this erf shall, without compensation, be obliged to allow the laying of water pipelines, stormwater drains, sewerage mains and overhead and underground electric supply mains, across the erf, if deemed necessary by the Local Authority, and in such a manner and position as may from time to time be agreed upon, and to allow the temporary deposit, on the land adjoining such works, of such material as may be excavated during the course of construction, maintenance and removal of any of the aforesaid. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time for the aforesaid purposes or other works pertaining thereto, subject thereto that the Local Authority shall compensate for any damage done in execution of any such works.
- (3) On the erf it shall not be permitted to drill or excavate for water.
- (4) The erf shall not be sub-divided.
- (5) Except where otherwise provided, the erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other manner alienated or disposed of to any person other than a Coloured person or to any partnership, company or any other body of persons whether incorporate or unincorporate, of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are not Coloured persons, and no person other than a Coloured person shall be permitted to reside thereon or to occupy it in any other manner: Provided that if the erf is used for religious purposes for Coloured persons, including one dwelling for one minister, or for the purpose of an existing Coloured mission school including a hostel which has been lawfully transferred there, it may, with the consent of the Administrator, be owned or leased by a religious body controlled by Europeans, subject to the previously obtained written consent of the Administrator and such conditions as he may impose: Provided further that one bona fide native domestic servant in service on any erf may reside on such erf, subject to the previously obtained written consent of the Administrator and such conditions as he may impose.
- (6) No dairy, livery stable, cowshed, slaughter-pole, piggery or any offensive trade may be established or conducted on the erf.
"Offensive trade" shall mean any of the trades mentioned in regulation 1 (a) of Government Notice 141/1926 dated the 10th November, 1926.
- (7) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals may be kept on the erf.
- (8) Except for the purpose of erecting a building on the erf, neither the owner nor any other person shall make or cause to be made for any person any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf.
- (9) The course of natural stormwater on the erf shall not be deviated or built over without the prior approval of the Local Authority and then only according to the specification of the Town Engineer.

(a) *Ten opsigte van alle erwe:—*

- (1) Die eienaar van die erf is verplig om sonder vergoeding op die erf die materiaal te ontvang of uitgraving toe te laat wat moontlik vereis word vir die volle gebruik van die hele wydte van die straat, en om 'n veilige en behoorlike helling te verskaf vir die straatwal weens die hoogteverskil van die grond tussen die straat, na voltooiing daarvan, en die erf, tensy hy verkies om steunmure ten genoë van, en binne die tydperk bepaal deur die plaaslike bestuur, te bou.
- (2) Die eienaar van hierdie erf is verplig om, sonder vergoeding, toe te laat dat pyplyne, stormwater-afvoerpype, rioolpype en bogronde en ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne oor die erf gelê of gespan word, as dit nodig geag word deur die plaaslike bestuur en op so 'n wyse en in so 'n ligging soos daar van tyd tot tyd ooreengekom word, en om toe te laat dat materiaal wat uitgegrawe word gedurende konstruksies, instandhoudingswerk en verwydering van enige bovermelde materiaal, tydelik op die aangrensende grond geplaas word. Dit sluit in die reg op toegang tot die erf te alle redelike tye vir die bovermelde doeleindes of vir ander desbetreffende werk onderhewig daaraan dat die plaaslike bestuur vergoeding betaal vir enige skade wat aangebring word in die uitvoering van enige sodanige werk.
- (3) Op die erf mag nie vir water geboor of gedolwe word nie.
- (4) Die erf mag nie onderverdeel word nie.
- (5) Behalwe waar anders bepaal word, mag nóg die geheel, nóg 'n deel van die erf oorgedra, verhuur of op enige wyse afgestaan of vvreem word aan enigiemand buiten 'n Kleurling of aan enige vennootskap, maatskappy, of enige ander liggaam van persone met of sonder regspersoonlikheid, van wie al die vennote, direkteure en aandeelhouders of lede, na gelang, nie Kleurlinge is nie en niemand buiten 'n Kleurling mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op enige ander wyse te beset nie: Met dien verstande dat as die erf vir godsdienstige doeleindes vir Kleurlinge gebruik word, insluitende een woning vir een leraar, of vir die doeleindes van 'n bestaande Kleurlingsendingskool, met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, dit met die toestemming van die Administrateur deur 'n godsdienstige liggaam beheer deur blankes, besit of gehuur kan word, onderhewig aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Administrateur en die voorwaardes wat hy stel: Met dien verstande voorts dat een *bona fide*-inboorlinghuisbediende wat sy/haar diens-te op 'n erf lewer, onderhewig aan die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Administrateur en die voorwaardes wat hy stel, op die betrokke erf mag woon.
- (6) Geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.
„Hinderlike bedryf” beteken 'n bedryf genoem in regulasie 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 van 10 November 1926.
- (7) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.
- (8) Buiten ter oprigting van 'n gebou op die erf mag nóg die eienaar nóg enigiemand anders vir enige bakstene, teëls, erdewerkpype, of enige ander artikels van dergelike aard op die erf maak of laat maak nie.
- (9) Die natuurlike vloei van stormwater op die erf mag nie verlé of toegebou word sonder die voorafverkreë toestemming van die plaaslike bestuur nie en dan slegs volgens spesifikasie van die dorpsingenieur.

- (b) *Additional conditions applicable to all erven except Erven 129 and 130:*
- (1) All buildings shall be erected in accordance with the building regulations of the Local Authority.
 - (2) No mortgage may be taken out on the erf without the previously obtained written consent of both the Local Authority and the Administrator, and then only subject to such conditions as the Administrator may impose: Provided that if any mortgage bond on the erf is registered with the consent of the said Local Authority and Administrator, the mortgagee shall, notwithstanding the provisions of sub-paragraph (5) of paragraph (a) hereof, be entitled to buy the property mortgaged in his favour at a sale in execution and to take transfer of it, whether such mortgagee is a Coloured person or a partnership, company or other body of persons corporate or unincorporate of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are Coloured persons, or not, but such mortgagee gaining possession of the erf in such manner shall be bound by the provisions of the said sub-paragraph (5).
- (c) *Additional conditions applicable to all erven except Erven 23, 24, 47, 78-81, 84-95, 128-130:*
- (1) The erf may be used for residential purposes only.
 - (2) Only one dwelling house for the occupation by only one family, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.
 - (3) No semi-detached houses, flats or maisonnettes may be erected on the erf.
 - (4) Notwithstanding the provisions of sub-paragraph (5) of paragraph (a) hereof, this erf may be alienated or disposed of to any state department or a company, registered under the Companies Ordinance, 1928, which is controlled by whites, for the sole purpose of erecting thereon dwelling houses for Coloured employees of such state department or company.
 - (5) The building value, exclusive of outbuildings, may be not less than —
 - (i) R 800 for erven in extent less than 450 sq. metres.
 - (ii) R1500 for erven in extent from 451 to 600 sq. metres.
 - (iii) R2000 for erven in extent from 601 sq. metres upwards.
- (d) *Additional conditions applicable to Erf 80:*
- (1) The erf may be used only for a petrol filling station, incorporating greasing facilities, but excluding any major repair works.
 - (2) A caretaker's flat, which shall not exceed 1050 square feet, measured over the outer faces of the external wall, in area, may be incorporated in the main building.
 - (3) Not more than one main building, consisting of only one floor, together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected on the erf.
 - (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, may be not less than R3000.
- (e) *Additional conditions applicable to Erf 93:*
- (1) The erf may be used only for the erection of a crèche and kindergarten school and purposes incidental thereto.
 - (2) Not more than one main building, together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected on the erf.
 - (3) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, may be not less than R2,000.
- (f) *Additional conditions applicable to Erven 24 and 92:*
- (1) The erf may be used only for church purposes and purposes incidental thereto.
- (b) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe behalwe erwe 129 en 130:—*
- (1) Alle geboue moet opgerig word in ooreenstemming met die bouregulasies van die plaaslike bestuur.
 - (2) Geen verband mag op die erf uitgeneem word sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van beide die plaaslike bestuur en die Administrateur nie en dan slegs onderhewig aan die voorwaardes wat die Administrateur stel: Met dien verstande dat as 'n verband-akte op die erf met die toestemming van die plaaslike bestuur en die Administrateur geregistreer word, die verbandhouer niteenstaande die bepalinge van subparagraaf (5) van paragraaf (a) hiervan, geregtig is om die eiendom waaroor hy die verband hou, by 'n eksekutoriale verkoping te koop en transport daarvan te neem hetsy sodanige verbandhouer 'n Kleurling of 'n vennootskap, maatskappy of ander liggaam van persone met of sonder regs persoonlikheid is van wie al die vennote, direkteure en aandeelhouders of lede, na gelang, Kleurlinge is, al dan nie, maar as die verbandhouer die erf op hierdie wyse bekom, is hy gebonde aan die bepalinge van die genoemde subparagraaf (5).
- (c) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe behalwe erwe 23, 24, 47, 78-81, 84-95, 128-130:—*
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
 - (2) Slegs een woonhuis, vir die bewoning van slegs een huisgesin, met die nodige buitegeboue mag op die erf opgerig word.
 - (3) Geen skakelhuisse, woonstelle of skakelwoonstelle mag op die erf opgerig word nie.
 - (4) Niteenstaande die bepalinge van subparagraaf (5) van paragraaf (a) hiervan, mag hierdie erf afgestaan of vervreem word aan enige Staatsdepartement of 'n maatskappy, geregistreer ingevolge die Maatskappy-Ordonnansie 1928, wat deur blankes beheer word, vir die uitsluitlike doel om woonhuisse vir Kleurlingwerknemers van sodanige Staatsdepartement of maatskappy op te rig.
 - (5) Die bouwaarde van die woonhuis, buitegeboue, uitgesluit, mag nie minder wees nie as:—
 - (i) R 800 vir erwe kleiner as 450 vk. m.;
 - (ii) R1500 vir erwe groot 451-600 vk. m.;
 - (iii) R2000 vir erwe groot 601 vk. m. en meer.
- (d) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 80:—*
- (1) Die erf mag slegs gebruik word vir 'n petrolvulstasie wat afsmeerfasiliteite insluit, maar wat enige groot herstelwerk uitsluit.
 - (2) 'n Opsigterswoonstel, hoogstens 1050 vk. vt. groot, gemeet oor die buitekante van die buitemure, mag by die hoofgebou ingelyf word.
 - (3) Slegs een hoofgebou wat net uit 'n grondverdieping bestaan, met die nodige buitegeboue en toebehore, mag opgerig word op die erf.
 - (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3000 wees nie.
- (e) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 93:—*
- (1) Die erf mag slegs gebruik word vir die oprigting van 'n crèche en kleuterskool en aanverwante doeleindes.
 - (2) Slegs een hoofgebou met die nodige buitegeboue en toebehore mag op die erf opgerig word.
 - (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R2000 wees nie.
- (f) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 24 en 92:—*
- (1) Die erf mag slegs gebruik word vir kerklike en aanverwante doeleindes.

- (2) A church and/or a church hall, together with the necessary outbuildings and appurtenances may be erected on the erf.
- (3) The building value of the church erected on the erf, may be not less than R2,000.
- (4) The building value of the church hall, when and if erected, on the erf may be not less than R2,000.

(g) *Additional conditions applicable to Erven 85 and 88:*

- (1) The erf may be used only for shops and/or offices.
- (2) Not more than one main building, not exceeding two storeys in height, together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected on the erf.
- (3) The maximum coverage may not exceed 50% of the total area when the ground floor only is erected, and may not exceed 40% of the total area when ground- and first floors are erected.
- (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, may be not less than R3,000.

(h) *Additional condition applicable to Erf 23:*
The erf may be used only for a school and for purposes incidental thereto.

(i) *Additional conditions applicable to Erf 81:*

- (1) The erf may be used only for a hotel and purposes incidental thereto.
- (2) Not more than one main building together with the necessary outbuildings and appurtenances may be erected on the erf.
- (3) The building value of the main building, erected on the erf, may be not less than R4,000.
- (4) The main building may not exceed two storeys in height.
- (5) The coverage may not exceed 50% of the total area when the ground floor only is erected, and may not exceed 40% of the total area when both ground- and first floors are erected.

(j) *Additional conditions applicable to Erven 78 and 79:*

- (1) The erf may be used only for light industry.
- (2) A caretaker's flat, which shall not exceed 1000 square feet measured over the outer faces of the external wall, in area, may be incorporated in the main building.
- (3) Not more than one main building, consisting of only one floor together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected on the erf.
- (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, may not be less than R3,000.

N.B. "Light Industry" means an industry where the processes carried on or the machinery installed therein, are such as could be carried on or installed in any residential area without detriment to the amenity of that area by reason of noise, vibration, smell, fumes, smoke, soot, ash, dust or grit.

(k) *Additional conditions applicable to Erf 86:*

- (1) The erf may be used only for a cinema.
- (2) The building value of the main building, excluding the outbuildings, may be not less than R4,000.
- (3) Not more than one main building together with the necessary outbuildings and appurtenances may be erected on the erf.
- (4) The coverage may not exceed 50% of the total area of the erf.

(l) *Additional condition applicable to Erf 94:*

The erf may be used only for a clinic and purposes incidental thereto.

- (2) 'n Kerk en/of 'n kerksaal met die nodige buitegeboue en toebehore mag op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die kerk wat op die erf opgerig word, mag nie minder as R2000 wees nie.
- (4) Die bouwaarde van die kerksaal wat op die erf opgerig word, mag nie minder as R2000 wees nie.

(g) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 85 en 88:—*

- (1) Die erf mag slegs vir winkels en/of kantore gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou met hoogstens twee verdiepings bogronds met die nodige buitegeboue en toebehore, mag op die erf opgerig word.
- (3) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en 'n eerste verdieping opgerig word.
- (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3000 wees nie.

(h) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 23:—*
Die erf mag slegs vir 'n skool en aanverwante doeleindes gebruik word.

(i) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 81:—*

- (1) Die erf mag slegs vir 'n hotel en aanverwante doeleindes gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou met die nodige buitegeboue en toebehore mag op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R4000 wees nie.
- (4) Die hoofgebou mag nie meer as twee verdiepings hoog wees nie.
- (5) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en 'n eerste verdieping opgerig word.

(j) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 78 en 79:—*

- (1) Die erf mag slegs vir ligte nywerheid gebruik word.
- (2) 'n Opsigterswoning, hoogstens 1,000 vk. vt. groot, gemeet oor die buitekante van die buitemure, mag by die hoofgebou ingelyf word.
- (3) Slegs een hoofgebou, wat net uit 'n grondverdieping bestaan, met die nodige buitegeboue en toebehore, mag opgerig word op die erf.
- (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3000 wees nie.

L.W. Onder „ligte nywerheid” word bedoel 'n nywerheid waarin die prosesse uitgevoer of die masjinerie aangebring sodanig is dat dit in enige woonbuurt uitgevoer of aangebring kan word, sonder nadelige uitwerking op die geriewe van daardie woonbuurt wat betref, geraas, trilling, reuk, dampe, rook, roet, as, stof of grint.

(k) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 86:—*

- (1) Die erf mag slegs gebruik word vir 'n bioskoopsaal.
- (2) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R4000 wees nie.
- (3) Nie meer as een hoofgebou met die nodige buitegeboue en toebehore mag op die erf opgerig word nie.
- (4) Hoogstens 50% van die totale oppervlakte van die erf mag bebou word.

(l) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 94:—*
Die erf mag slegs vir 'n kliniek en aanverwante doeleindes gebruik word.

- (m) *Additional condition applicable to Erf 47:*
The erf may be used only for a sports field and for purposes incidental thereto.
- (n) *Additional condition applicable to Erf 90:*
The erf may be used only for a post office.
- (o) *Additional condition applicable to Erf 84:*
The erf may be used only for a police station.
- (p) *Additional condition applicable to Erf 89:*
The erf may be used only for the purposes of the Local Authority.
- (q) *Additional conditions applicable to Erven 95 and 128:*
- (1) The erf may be used for residential purposes only.
 - (2) Only one main building with a maximum height of two floors, with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.
 - (3) The building value of the main building, excluding the outbuildings, may be not less than R25,000.
 - (4) The coverage may not exceed 50% of the total area when the ground floor only is erected, and it may not exceed 40% of the total area when both ground- and first floors are erected: Provided that only half the areas of public staircases, entrance halls and balconies shall be calculated as built up area, and parking spaces under cover shall not be calculated as built up area.
 - (5) Parking for motor vehicles shall be provided on the erf as follows, should it be required at any time by the Local Authority:
 - (a) One separate parking space under cover for every two flat units;
 - (b) One separate open parking space for every two flat units.
- (r) *Additional conditions applicable to Erf 87:*
- (1) The erf may be used only for a café and/or offices.
 - (2) Not more than one main building, not exceeding two storeys in height, together with the necessary buildings and appurtenances, may be erected on the erf.
 - (3) The coverage may not exceed 50% of the total area when the ground floor only is erected and may not exceed 40% of the total area when ground- and first floors are erected.
 - (4) The building value of the main building, exclusive of outbuildings, may be not less than R3,000.
- (s) *Additional condition applicable to Erf 91:*
The erf may be used only for the building of a community centre.
- (t) *Additional condition applicable to Erven 84-90:*
- (1) No building or structure or any portion thereof, except the boundary walls or fences, may be erected nearer than 3 metres to the rear boundary or lateral boundary common to an adjoining erf.
 - (2) On the street, the building shall be erected on the street boundary.
- (u) *Additional condition applicable to all erven except 84-90:*
No building or structures or any portion thereof, except the boundary walls or fences, may be erected nearer than 5 metres to the street line which forms a boundary of the erf, nor within 3 metres of the rear boundary or lateral boundary common to an adjoining erf.
- (v) *Additional condition applicable to Erven 78, 79, 80, 81, 85, 86, 87 and 88:*
The erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other manner alienated or dis-
- (m) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 47:—*
Die erf mag slegs vir 'n sportveld en aanverwante doeleindes gebruik word.
- (n) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 90:—*
Die erf mag slegs vir 'n poskantoor gebruik word.
- (o) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 84:—*
Die erf mag slegs vir 'n polisiekantoor gebruik word.
- (p) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 89:—*
Die erf mag slegs vir die doeleindes van die plaaslike bestuur gebruik word.
- (q) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 95 en 128:—*
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
 - (2) Slegs een hoofgebou met hoogstens twee verdiepings bogronds met die nodige buitegeboue mag op die erf opgerig word.
 - (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R25,000 wees nie.
 - (4) Hoogstens 50% van die totale oppervlakte mag bebou word as slegs die grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as 'n grond- en 'n eerste verdieping opgerig word: Met dien verstande dat slegs die helfte van oppervlaktes van publieke trappe, ingangsportale en balkonne as beboude oppervlakte bereken word, en parkeerplekke onder dak nie as beboude oppervlakte bereken word nie.
 - (5) Parkering vir voertuie op die erf moet soos volg voorsien word, as dit te eniger tyd deur die plaaslike bestuur vereis word:—
 - (a) Een afsonderlike parkeerplek onder dak vir elke twee woonstel-eenhede.
 - (b) Een afsonderlike oop parkeerplek vir elke twee woonstel-eenhede.
- (r) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 87:—*
- (1) Die erf mag slegs vir 'n kafee en/of kantore gebruik word.
 - (2) Slegs een hoofgebou, met hoogstens twee verdiepings bogronds met die nodige buitegeboue en toebehore mag op die erf opgerig word.
 - (3) Van die erf mag hoogstens 50% van die totale oppervlakte bebou word as daar net 'n grondverdieping opgerig word, en hoogstens 40% van die totale oppervlakte as daar 'n grond- en 'n eerste verdieping opgerig word.
 - (4) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R3000 wees nie.
- (s) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erf 91:—*
Die erf mag slegs vir die bou van 'n gemeenskap-sentrum gebruik word.
- (t) *Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 84-90:—*
- (1) Geen gebou of struktuur of enige deel daarvan, behalwe die grensmure of -heining mag opgerig word nader as 3 meter aan die agterste grens of enige sygrens gemeen aan 'n aangrensende erf nie.
 - (2) Aan die straat moet geboue op die straatgrens opgerig word.
- (u) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van alle erwe behalwe 84-90:—*
Geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, behalwe die grensmure of heining, mag opgerig word nader as 5 meter aan die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf vorm nie, of binne 3 meter van die agterste grens of enige sygrens gemeen aan 'n aangrensende erf nie.
- (v) *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erwe 78, 79, 80, 81, 85, 86, 87, 88:—*
Die erf of enige deel daarvan mag nie sonder die skriftelike goedkeuring van die Administrateur

posed of without the written consent of the Administrator. Any such transaction concluded without the Administrator's consent, shall be null and void and no action shall be taken in any court in the Territory of South West Africa for the recovery of any money or for compensation for any consideration whatsoever paid or rendered in respect of such transaction.

oorgedra, verhuur of op enige ander wyse afgegaan of van die hand gesit word nie. Enige sodanige transaksie wat sonder die Administrateur se goedkeuring aangegaan word, is van nul en gener waarde en geen geding kan in enige hof in die Gebied Suidwes-Afrika ingestel word tot verhaal van enige geld of ter vergoeding vir enige teenprestasie hoegenaamd wat ten opsigte van die bedoelde transaksie betaal of gelewer is nie.

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 33.] [1st March, 1965.

MAGISTRATES COURTS: AMENDMENT OF RULES OF COURT.

The Administrator has approved the further amendment of the Rules of Magistrates Courts made under subsection (1) of section *twenty-three* of the Magistrates Courts Proclamation, 1935 (No. 31 of 1935) as set out hereunder:-

1. The amendment of rule 2 of Order XXXII by the deletion of the proviso to sub-rule (1).
2. The substitution for table A of the following tables:-

„TABLE A.
COSTS

GENERAL PROVISIONS.

1. (a) Save as provided in sub-paragraph (b), (c) and (d) costs in defended actions shall be taxed on scale A.
- (b) When the amount in dispute exceeds R100 but does not exceed R400, costs shall, save as provided in sub-paragraph (c), be taxed on scale B.
- (c) When the court has made an order in terms of sub-rule (3) of rule 2 of Order XXXII whereby costs are awarded on a higher scale, costs shall be taxed on a scale mentioned in such order.
- (d) When the amount in dispute exceeds R400, costs shall be taxed on scale C.
- (e) Where the amount in dispute is not apparent on the face of the proceedings, costs shall be computed at the lower rate; but the court may, on the application of any party, assess the amount in dispute.
2. (a) For the purpose of computing costs, the expression 'amount in dispute' shall mean, where costs are awarded to the plaintiff, the amount or value of the judgement and 'amount or value of the judgment' shall mean, where more than one claim is involved in the action, the total of the amounts involved in the judgment. Where costs are awarded to the defendant, the expression 'amount in dispute' shall mean the amount or value of the claim, and 'amount or value of the claim' shall mean, where more than one claim is involved in the action, the total of the amounts of all the claims. The amount or value of the judgment or claim shall be inclusive of interest but exclusive of costs. In the event of a matter being settled at any time the costs shall be taxed on the scale laid down in the agreement of the settlement.
- (b) In the event of there being no agreement as to the scale of fees applicable, any party shall have the right within fourteen days of the date of the settlement to apply to a magistrate who shall determine the scale of fees to be applied at the taxation.
3. Costs taxable in terms of sub-rule (5) of rule three of Order XXXII shall be deemed to have been awarded

No. 33.] [1 Maart 1965.

LANDDROSHOWE — WYSIGING VAN DIE REËLS VAN DIE HOF.

Die Administrateur het sy goedkeuring geheg aan die verdere Wysiging van die Reëls van die Landdroshowe opgestel kragtens subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Landdroshowe Proklamasie, 1935 (Nr. 31 van 1935) soos hieronder uiteengesit:-

1. Die wysiging van reël 2 van Order XXXII deur die skraping van die voorbehoudsbepaling by subreël (1).
2. Die vervanging van tabel A deur die volgende tabelle.

„TABEL A.
KOSTE.

ALGEMENE BEPALINGS.

1. (a) Behoudens die bepalinge van subparagrafe (b), (c) en (d), word koste in bestrede aksies volgens skaal A getakseer.
- (b) Wanneer die bedrag in geskil meer as R100 maar nie meer as R400 is nie, word die koste, behoudens die bepalinge van subparagraaf (c), volgens skaal B getakseer.
- (c) Wanneer die hof 'n bevel ingevolge subreël (3) van reël 2 van Order XXXII gegee het waarby koste volgens 'n hoër skaal toegeken word, word die koste getakseer volgens 'n skaal in sodanige bevel vermeld.
- (d) Wanneer die bedrag in geskil meer as R400 is, word die koste volgens skaal C getakseer.
- (e) Wanneer die bedrag in geskil nie uit die stukke blyk nie, word koste teen die laer tarief bereken; maar die hof kan op aansoek van enigeen van die partye die bedrag in geskil vasstel.
2. (a) Vir doeleindes van kosteberekening beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil', wanneer koste aan die eiser toegeken word, die bedrag of waarde van die vonnis en 'bedrag of waarde van die vonnis' beteken, waar meer as een eis by die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae wat by die vonnis betrokke is. Wanneer koste aan die verweerder toegeken word, beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil' die bedrag of waarde van die eis en 'bedrag of waarde van die eis' beteken, waar meer as een eis by die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae van al die eise. Die bedrag of waarde van die vonnis of eis sluit rente in maar sluit koste uit. In die geval waar 'n saak te eniger tyd geskik word, word die koste getakseer volgens die skaal in die skikkingsooreenkoms bepaal.
- (b) In die geval waar daar geen ooreenkoms is betreffende die toepaslike skaal van gelde nie, het enigeen van die partye die reg om binne veertien dae na die datum van die skikking by 'n magistraat aansoek te doen, wat die skaal van gelde wat by die taksasie toegepas moet word, vasstel.
3. Koste wat takseerbaar is kragtens subreël (5) van reël *drie* van Order XXXII word geag toegeken te gewees

under a judgment for the amount paid into court or a judgment in terms of the settlement, as the case may be.

4. Claims for ejectment shall be computed at two months' rent of the premises.

5. The rate at which costs are computed shall not be increased by reason of any claim for confirmation of any interdict or other interlocutory order.

6. Fees to counsel shall be allowable on taxation only in cases falling within the provisions of sub-paragraphs (b), (c) and (d) of paragraph one and may not be so allowed unless payment of them is vouched by the signature of counsel.

7. Where the amount allowed for an item is specified, the amount is inclusive of all necessary copies, attendances and services (other than services through the messenger) in connection therewith.

8. Where the amount allowed for an item is left blank —

- (a) the drawing of documents shall be allowed at 50c for each folio;
- (b) copies for filing and service shall also be allowed;
- (c) service shall be allowed at 50c for each necessary service.

9. (a) Where any document appears to the court to be unnecessarily prolix, the court may disallow all or any part of the charge therefor.

(b) Where printed forms are available of documents to be copied, the charges for copying shall be limited to the necessary matters inserted in such printed documents.

10. A folio is 100 written or printed words or figures. Four figures shall be reckoned as one word.

11. Where a charge is allowed by the clerk of the court for copying or perusing, it shall, where not otherwise provided for, be 15c per folio.

12. Where there are more defendants than one, 50c shall be added in respect of each additional defendant for each of the items numbers 1 and 2 of the scale for undefended actions, items numbers 3 and 9 of the scale for defended actions and items numbers 3, 17, 29, 30, 32, 34 and 38 of the scale relating to other matters under table A.

13. (a) Where the judgment debt is payable by instalments in terms of the judgment, the fees shall be taxable immediately the judgment is given, but shall be recoverable only on the payment of each instalment.

(b) A fee of 10 per cent for collection of each instalment shall be allowed until a total amount of R20 shall have been paid in reduction of the capital, and thereafter 5 per cent.

14. The clerk of the court shall on taxation disallow any charge unnecessarily incurred.

15. Where the fee under any item is calculated on a hourly basis, the total number of hours on any one day shall be added together and the fee calculated on such total.

UNDEFENDED ACTIONS.

	R c
<i>Item 1.—</i> Summons (inclusive of demand)—	
If the claim or claims or the value of the claim or claims in the aggregate do not exceed R50 . . .	2.50
<i>Item 2.—</i> Judgment:	P
If the claim or claims or the value of the claim or claims in the aggregate do not exceed R50 . . .	1.25
<i>Note.</i> —Where the claim or the value of the claim in issue exceeds R50 the fees under 1 and 2 shall be increased by 50 cents for every R100 exceeding the first R50 up to a maximum of R1,000 irrespective of the amount of the actual claim.	
<i>Item 3.—</i> Notice in terms of sub-rule (2) of rule four Order X	1.00
<i>Item 4.—</i> Notice in terms of sub-rule (6) of rule six Order VII	1.00

het ingevolge 'n vonnis vir die geregtelik inbetaalde bedrag of 'n vonnis ooreenkomstig die skikking, na gelang.

4. Eise vir uitsetting word bereken teen twee maande huur van die perseel.

5. Die tarief waarvolgens koste bereken word, word nie verhoog as gevolg van enige eis vir bekragtiging van 'n interdik of ander tussenbevel nie.

6. Gelde aan advokate word by taksasie toegelaat alleen in gevalle wat onder die bepalings van subparagrafe (b), (c) en (d) van paragraaf een val en word nie aldus toegelaat nie tensy die betaling daarvan deur die handtekening van die advokaat bevestig word.

7. Waar die bedrag vir 'n item toegelaat, gespesifiseer is, sluit die bedrag alle nodige afskrifte, opwagtings en betekenings (betekenings deur die geregsbode uitgesonder) in verband daarmee, in.

8. Waar die bedrag vir 'n item toegelaat, oopgelaat is —

- (a) word vir die opstel van dokumente 50c vir elke folio toegelaat;
- (b) word afskrifte vir opberging en betekening ook toegelaat;
- (c) word vir betekening 50c vir elke nodige betekening toegelaat.

9. (a) Wanneer 'n dokument vir die hof onnodig wydlopig blyk te wees, kan die hof die hele bedrag van, of 'n gedeelte van, die gelde daarvoor afwys.

(b) Wanneer gedrukte vorms van dokumente waarvan afskrifte gemaak moet word, beskikbaar is, word die gelde vir die maak van afskrifte beperk tot die nodige aangeleenthede wat by sodanige gedrukte vorms ingevoeg word.

10. 'n Folio bestaan uit 100 geskrewe of gedrukte woorde of syfers. Vier syfers word as een woord gereken.

11. Waar gelde deur die klerk van die hof vir die maak van afskrifte of deurlesing toegelaat word, is dit, waar nie andersins voorsiening gemaak is nie, 15c per folio.

12. Waar daar meer as een verweerder is, word 50c bygevoeg ten opsigte van elke addisionele verweerder vir elk van items nommers 1 en 2 van die skaal vir onbestrede aksies, items nommers 3 en 9 van die skaal vir bestrede aksies en items nommers 3, 17, 29, 30, 32, 34, en 38 van die skaal wat op ander aangeleenthede onder tabel A betrekking het.

13. (a) Waar die vonnis skuld in paaielemente betaalbaar is ingevolge die vonnis, is die gelde takseerbaar sodra die vonnis gegee is, maar is dit invorderbaar alleen by betaling van elke paaielement.

(b) Gelde van 10 persent vir die invordering van elke paaielement word toegelaat totdat 'n totale bedrag van R20 in mindering van die kapitaal betaal is, en daarna 5 persent.

14. Die klerk van die hof wys by taksasie enige koste af wat onnodig aangegaan is.

15. Waar die gelde ingevolge 'n item op 'n uurbasis bereken word, word die totale getal ure op een dag byeengetel en die gelde op sodanige totaal bereken.

ONBESTREDE AKSIES.

	R c
<i>Item 1.—</i> Dagvaarding (met inbegrip van aanskrywing)—	
as die eis of eise of die waarde van die eis of eise gesamentlik nie meer as R50 bedra nie	2.50
<i>Item 2.—</i> Vonnis —	R
as die eis of eise of die waarde van die eis of eise gesamentlik nie meer as R50 bedra nie	1.25
<i>Opmerking.</i> — Waar die eis of die waarde van die eis in geskil meer as R50 is, word die gelde by 1 en 2 verhoog met 50 sent vir elke R100 bo die eerste R50 tot 'n maksimum van R1,000, ongeag die bedrag van die werklike eis.	
<i>Item 3.—</i> Kennisgewing ingevolge subreël (2) van reël vier Order X	1.00
<i>Item 4.—</i> Kennisgewing ingevolge subreël (6) van reël ses Order VII	1.00

- Item 5.—Affidavit* —
- Item 6.—Attending court at the request of magistrate when claim referred to court for judgment . . . as allowed under item 26 of the scale for defended actions.*
- Note.—(1) The amount of fees allowable under items 3, 4, 5 and 6 shall without taxation be included in the amount of the costs for which judgment is entered.*
- (2) An extra fee of ten per cent shall, from the date of commencement of this notice, be added to all costs in undefended actions.*

DEFENDED ACTIONS.

Item	Scale	Scale	Scale
	A.	B.	C.
	R	R	R
1. Instructions to sue or defend or to counterclaim or defend counterclaim	5.00	10.00	15.00
2. Instructions on commission <i>de bene esse</i>	2.00	2.00	2.00
3. Summons	3.00	5.00	7.00
4. Appearance	1.00	1.00	1.00
5. Notice under sub-rule (1) or (2) of rule <i>four</i> Order X	1.00	1.00	1.00
6. Plea	3.00	5.00	7.00
7. Instructions after receipt of plea	3.00	5.00	7.00
8. Claim in reconvention	3.00	5.00	7.00
9. Reply if necessary	3.00	5.00	7.00
10. Request for further particulars	—	—	—
11. Further particulars	—	—	—
12. Consent to adjournment or extension of time	1.00	1.00	1.00
13. Attendance applying for costs on discontinuance	3.00	3.00	3.00
14. Schedule of documents and affidavit	—	—	—
15. Production of documents for inspection, per half hour of the time spent	1.00	2.00	3.00
16. Inspecting documents, per half hour of the time spent	1.00	2.00	3.00
<i>Note.— The minimum fee in respect of this item shall be R1.50</i>			
17. Subpoena (not more than one for each four witnesses summoned)	1.00	1.00	1.00
18. Each copy for service	0.20	0.20	0.20
19. Any notice not otherwise provided for	—	—	—
20. Affidavit (other than of discovery)	—	—	—
21. Interrogatories	—	—	—
22. Taking proof of witness (each)	—	—	—
<i>Note.— The minimum fee for any one statement shall be R2.00.</i>			
23. Notice of trial or reinstatement	1.00	1.00	1.00
24. Preparing for trial (if counsel not employed)	10.00	15.00	25.00
25. Attending court when action on roll for trial but adjourned	3.00	3.00	3.00
26. Attending court on trial or at examination on commission, for each hour or part of an hour spent in court while case is actually being heard —			
(a) where counsel not employed	4.00	6.00	10.00
(b) where counsel employed	—	4.00	4.00
27. Attending pre-trial conference:— For each hour or part of an hour actually occupied in such conference	4.00	4.00	4.00
28. Attending court to hear reserved judgment	3.00	3.00	3.00
